



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**INTERMEDIÊRE FASE**

**GRAAD 6**

**NOVEMBER 2016**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PUNTE: 30**

**TYD: 2 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A: Opstel (15)

AFDELING B: Brief òf dagboekinskrywing (15)

2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Lees jou vrae en instruksies DEEGLIK deur.
4. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.


**AFDELING A: KREATIEWE SKRYFWERK – 'N STORIE**

Kies EEN van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n storie van 150 woorde (vyf paragrawe).

**ONTHOU DIE VOLGENDE**

1. Dui die titel van die storie aan.
2. Beplan jou storie. Gebruik 'n kopkaart/breinkaart. Hersien, redigeer en skryf jou finale weergawe.
3. Skryf 'n openingsin.
4. Gebruik verbindingswoorde.
5. Gebruik byvoeglike naamwoorde.
6. Skryf 'n gepaste slot.
7. Hou by die onderwerp.

1. Die dag toe die reën in ys verander het.  
Jy mag oor die volgende skryf.
  - Beskryf hoe die weer hierdie dag gelyk het.
  - Wat het op hierdie dag gebeur?
  - Wat het jy/julle gedoen?
  - Hoe het jy gevoel?

**[15]****OF**

2. Skryf 'n storie oor jou gunsteling gemorskos.  
Jy mag oor die volgende skryf.

- Wat is jou gunsteling gemorskos?
- Wanneer eet jy dit gewoonlik.
- Waarom hou jy van dit?



[15]

OF

3. 'n Baie spesiale dag of geleentheid.  
Jy mag oor die volgende skryf.

- Wat was die spesiale geleentheid?
- Wie was almal by die geleentheid?
- Wat het jy gedoen op hierdie dag?
- Hoe het jy gevoel op die dag?



[15]





**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS****'N DAGBOEKINSKRYWING ÓF 'N VRIENDSKAPLIKE BRIEF.**

Kies EEN van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n dagboekinskrywing **OF** 'n vriendskaplike brief.

**ONTHOU DIE VOLGENDE**

1. Gebruik die korrekte formaat vir jou skryfstuk.
2. Gee aandag aan taalgebruik, spelling en leestekens.

1. Skryf 'n **dagboekinskrywing** van **60 woorde** oor jul klasuitstappie na die dieretuin. Skryf in die **eerste persoon**.

- Wat het julle gedoen?
- Wat het julle gesien?
- Wat was jou gunsteling diere en hoekom?

**[15]****OF**

2. Skryf 'n **brief** van **80–100 woorde** aan jou maat waarin jy hom/haar bedank vir iets waarmee hy/sy jou gehelp het.

Jy kan oor die volgende skryf.

- Waarmee het jou maat jou gehelp?
- Hoe het jy gevoel?

**[15]****OF**

3. Skryf 'n **brief** van **80 woorde** aan jou maat waarin jy hom/haar vra om vir die Desembervakansie by jou te kom kuier
- Wat gaan julle alles doen?
  - Waarheen gaan julle orals?



[15]







